

Toegangsbeheer op jou plaas:



HOU DIE WOLWE IN WOLJASSE UIT!

✉ deur Dawie Botha

Biosekuriteit kan beskryf word as ‘risikobeheer in die werksomgewing’. Hoe minder onbeheerde of ongekontroleerde kontak daar tussen en met die diere op die plaas is, hoe makliker is dit om aansteeklike siektes te beperk of te beheer. Die eerste linie van verdediging vir ’n wolprodusent is altyd deeglik beplande toegangsbeheer.

Diere wat na die plaas verskuif word

Nuut aangekoopte diere behoort altyd getoets en in kwarantyn of isolasie geplaas te word. Dit is raadsaam om enige kontak tussen dié diere en die diere wat reeds op die plaas is te voorkom deur hulle in kampe te plaas wat ten minste 2 meter geskei is van dié van plaasdiere. Daar word ten sterkste aanbeveel dat inkomende diere geïmmuniseer en gedip word asook 'n minimum van 10 tot 14 dae (vir diere vanuit moontlik besmette gebiede is die tydperk 21 tot 28 dae) in kwarantyn bly vir waarneming in samewerking met die kuddeveearts.

Diere wat ná 'n veiling of skou teruggebring word plaas toe, kon moontlik met besmette diere in aanraking gewees het. Daarom is die handhawing van korrekte

immunisering of 'n inventingsprogram van groot belang in die beplanning van biosekuriteit. Produsente kan van semen of embryo's gebruik maak as 'n verminderde risiko.

Verhandelingsverklaring

Wanneer lewendehawe en/of wol gelewer word aan die abattoir, veiling of ander afsetpunte, moet die produsent etiese praktyke handhaaf. Openlike en eerlike kommunikasie met die bure en ander partye betreffende die waarneming van enige dieresiektes vorm deel van biosekuriteitspraktyke. Dit is altyd goeie praktyk om 'n verhandelingsverklaring (*vendor declaration*) as beskermingsmaatreël saam te stel vir die produkte wat verkoop word.



'n Enkele siek skaap wat jy in jou trop inlaat kan groot verliese beteken. Daarom is sorgvuldige, deeglike toegangsbeheer só belangrik. Foto: Cobus Uys

(BLAAI OM)

Beheer oor plaasgrense heen

Produsente hou hul grensdrade noukeurig in stand ten einde roofdiere te beheer, maar vir biosekuriteit is dit ook belangrik. Siektes word maklik tussen buurplase oorgedra, veral as vee kan deurkruiп of wilde diere tussen plase kan beweeg.

Toegang- en bewegingbeheer van mense

Mense kan siektes versprei. Deurgang moet verbied word indien moontlik, of deurgangsroetes moet goed beheer of verminder word. Produsente wat van dagloners gebruik maak, kan die oordrag van siektes voorkom deur werksklere te verskaf wat by aankoms op die plaas aangetrek moet word. Verder kan die risiko verlaag word deur stortgeriewe te verskaf en/of voetbaddens by krale vir die ontsmetting van skoene aan te bring. Alle werknemers en ook besoekers aan die plaas moet bewus gemaak word van die plaas se biosekurheitsmaatreëls.

Die beweging van voertuie kan nie altyd gereguleer word nie. Die risiko kan verminder word deur maatreëls in te stel waar elke voertuig wat die plaas betree,

fers met 'n ontsmettingsmiddel gewas of afgespuit moet word. Ontsmettingsbaddens kan by ingangsroetes na die plaas gebou of geplaas word, waardeur voertuie moet ry.

Daar behoort ook biosekurheitsmaatreëls ingestel te word vir die gebruik,leen en vervoer van plaastoerusting en implemente soos die voermenger of tuingereedskap. Higiëne is die belangrikste van hierdie maatreëls.

Veevoer

Veevoer kan 'n bron van siektes en peste vir plante, diere en mense wees. Dit is dus raadsaam om voer by geregistreerde veevoerhandelaars of geloofwaardige produsente aan te koop, ter wille van die naspeurbaarheid daarvan.

Verskaffers van veevoer moet biosekuriteitstandaarde handhaaf, daarom is die beginsel van naspeurbaarheid so belangrik. Die produsent behoort aangekoopte veevoer te ondersoek of te laat ondersoek voordat dit op die plaas afgelaai word. Dit moet waar moontlik in 'n stoor geberg word waartoe veral knaagdiere, wat siektes kan versprei, nie toegang het nie.

Vir 'n volledige bronnelys, kontak die outeur (kontakbesonderhede word voor in die tydskrif gelys onder "Gasskrywers"). 

